higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Waar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 sewe
2.2 versteurings
2.3 mikro
2.4 korrektiewe
2.5 negatiewe
2.6 swak
2.7 bestraffende
2.8 eerste
2.9 natuurlewe-
2.10 hoë

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 I
3.2 A
3.3 C
3.4 M
3.5 B
3.6 D
3.7 H
3.8 K
3.9 G
3.10 L

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Krimino-etiese kan gedefinieer word as etiese kwessies wat met 'n kriminoloog ✓ en viktimoloog se werk ✓ verband hou. (2)

4.2 Kriminologie kan gedefinieer word as 'n wetenskaplike studie van misdaad ✓ en misdadige gedrag in 'n samelewing.✓ (2)

4.3 **Aantekening aan die nasiener:**
Enige TWEE (2) van die volgende vir EEN (1) punt elk.

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

- Verpligte opleiding vir almal
- 'n Verlaging in werkloosheid en armoede
- Die skepping van werksgeleenthede
- Die verlaging van die verstedelikingskoers deur landelike gebiede te ontwikkel
- Die vermindering van korrupsie, veral onder leiers
- Flink ondersoek na misdade, en die inhegtenisneming en vervolging van verdagtes deur bevoegde regsbeamptes
- Kort tronkstraf
- Die herstel en versterking van gesinswaardes (2)

4.4 Slagofferopnames ✓ en
Selfaangemelde studies ✓ (2)

4.5 **Aantekening aan die nasiener:**
Enige TWEE (2) punte van die volgende vir EEN (1) punt elk.

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

- Die Suid-Afrikaanse Polisiediens
- Geregshowe
- Maatskaplike dienste
- Gesondheidsorgwerkers
- Beamptes van Korrektiewe Dienste
- Departement van Onderwys
- Nieregeringsorganisasies (2)

[10]

VRAAG 5

5.1 Onderrapportering van misdaad kom voor omdat baie slagoffers nie glo dat dit enige doel dien om ’n misdaad by die polisie aan te meld nie. Dit kan wees omdat die misdaad na hul mening nie so ernstig was nie of omdat hulle nie glo dat hulle enigiets gaan bereik deur dit aan te meld nie. (2)

5.2 Hierdie beginsel bepaal dat beslissings in uitsprake in ’n Hoë Hof ✓ as reg beskou word wat bindend op ’n laerhof is. ✓ (2)

5.3 **Aantekening aan die nasiener:**
Die nasiener moet hul eie diskresie gebruik wanneer punte toegeken word, soos hier onder genoem.

- Enige DRIE (3) van die volgende vir EEN (1) punt elk.
- Enige beskrywing van die DRIE (3) geïdentifiseerde stappe vir EEN (1) punt elk.

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

- **Stadium 1 – Agendabeïnvloedingstadium (‘agenda-setting’):**
  Politieke of openbare druk vestig aandag op probleem wat bestaan.
- **Stadium 2 – Beleidsformulering:**
  Beleid word geformuleer op grond van navorsing en insette deur kundiges. Die beleid sluit gewoonlik oogmerke, doelwitte, beleidsverklarings en verantwoordelikhede in.
- **Stadium 3 – Beleidsprogramme:**
  Programme word ontwikkel op grond van die bevindings en aanbevelings in die beleidsdokument.
- **Stadium 4 – Beleidsimplementering:**
  Die beleid en programme word in werking gestel.
- **Stadium 5 – Beleidsmonitering**
  Die beleid en sy programme word geëvalueer om te bepaal of die verwagte doelwitte bereik is.
- **Stadium 6 – Beleidsevaluering**
  Die doeltreffendheid en uitwerking van die beleid word geëvalueer vir toekomstige beplanning. (6)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Aggressie (1)

6.2 Aggressie is 'n handeling of dreigement wat daarop gerig is om skade en/of vrees te veroorsaak. Aggressiewe misdade, soos moord en aanranding, veroorsaak regstreekse fisieke skade aan die slagoffer, terwyl dreigemente van aggressie vrees veroorsaak, wat die slagoffer inderwaarheid boelie om te doen wat die oortreder wil hê. Aggressie veroorsaak ook impulsiewe en onopsetlike misdade, soos misdade as gevolg van padwoede. (4)

6.3 **Aantekening aan die nasiener:**

- EEN (1) punt elk vir die identifisering van die DRIE (3) vlakke van misdaadvoorkoming en -vermindering
- Enige beskrywing van die DRIE (3) geïdentifiseerde vlakke vir EEN (1) punt elk.
- TWEE (2) voorbeelde vir elke vlak uit die artikel vir EEN (1) punt elk. Totaal SES (6) punte

Die nasiener moet hul eie diskresie gebruik wanneer punte toegeken word. Laat student se eie interpretasie toe.

Vlak	Fokus	Voorbeeld
Primêre misdaadvoorkoming	Omgewingsfaktore wat misdaad kan veroorsaak ✓	• Terwyl die prosesse van die strafregspleging rakende Lufuno se viktimisering aan die gang is, word effektiewe voorkomingsprogramme ook vereis om boeliegedrag by die skool te staak. • Sulke programme moet ontwerp word met die oogmerk om almal by die skool te bemagtig met vaardighede en kennis oor hoe om boeliegedrag te verhoed, en hoe om toepaslik te reageer wanneer boeliegedrag beleef of aangemeld word. • Die skool behoort ook moontlikhede te verken om leerprogramme te ontwikkel wat boeliegedrag op die voorgrond plaas en bewustheid van hierdie ernstige vraagstuk verhoog. ✓

Vlak	Fokus	Voorbeeld
Sekondêre misdaadvoorkoming	Om mense te bemagtig wat die gevaar loop om te oortree of misdaadslagoffers te word ✓	• Om boeliegedrag te beëindig, behoort die skool dit te oorweeg om omstandergedrag te hanteer, die beskikbaarheid van professionele steundienste aan slagoffers van boeliegedrag te verbeter, die kurrikulum aan te pas, en sterker vennootskappe met ander belanghebbendes te vestig. • Alle leerders by die skool moet ingelig word oor die rolle wat hulle kan vervul as aktiewe omstanders wat daartoe verbind is om boeliegedrag te beëindig. • Die skool moet dus sterk vennootskappe vestig met ouers, gemeenskappe, die staat, religieuse instellings, en ander relevante belanghebbendes om effektiewe maniere te verken om boeliegedrag by die skool te hanteer.
Tersiêre misdaadvoorkoming	Rehabilitasie van oortreders met die doel om heroortreding te voorkom	• Omstanders moet bemagtig word sodat hulle weet wat boeliegedrag behels en in staat is om te sien wanneer dit plaasvind. Hulle moet ook weet hoe om toepaslik in te gryp om dit stop te sit en die slagoffer te beskerm. • Om die risiko te verminder dat slagoffers hul eie lewens neem, moet professionele sielkundige berading so gou moontlik aan die slagoffers gebied word. Die risiko van selfmoord onder slagoffers van boeliegedrag kan egter slegs beduidend verminder word indien behoorlike hulpmiddele en slagoffersteundienste by die skool beskikbaar is. • Gevolge van boeliegedrag en wat gedoen moet word om skoolgebaseerde boeliegedrag stop te sit en te voorkom, behoort ook deel uit te maak van die onderwerpe vir bespreking binne sodanige leerprogramme.

(12)

6.4 **Aantekening aan die nasiener:**

- DRIE (3) punte vir die rol van die familie/versorger om misdaad te verminder of te voorkom.
- TWEE (2) voorbeelde uit artikel vir EEN (1) punt elk

Altesame VYF (5) punte

Die nasiener moet hul eie diskresie gebruik wanneer punte toegeken word. Laat student se eie interpretasie toe.
Misdaadvoorkoming begin letterlik tuis. Gesinne tree op as die sosialiseringsagent wat kinders óf prososiale óf strafwaardige waardes en norme leer. Die sosialisering van ’n kind is nie slegs die funksie van tradisionele ouers nie, maar ook die rol van enige versorger. ’n Versorger is enige persoon wat na iemand anders se fisieke en emosionele behoeftes omsien, soos onderwysers, gesinslede of pleegouers. Verskillende projekte, op regerings- en nieregeringsvlak, fokus op opvoedkundige programme wat gerig is op morele regenerasie in gesinne en gemeenskappe.

Voorbeeld: Die skool kan egter nie suksesvol wees in sy pogings om boeliegedrag te beëindig indien dit alleen optree nie. Die gewelddadige gedrag wat leerders by die skool vertoon, weerspieël in hoë mate die genormaliseerde geweld in huishoudings en gemeenskappe. ✓

Die skool moet dus sterk vennootskappe vestig met ouers, gemeenskappe, die staat, religieuse instellings, en ander relevante belanghebbendes om effektiewe maniere te verken om boeliegedrag by die skool te hanteer. (5)

6.5 6.5.1 **Aantekening aan die nasiener:**
Enige VIER (4) van die volgende vir EEN (1) punt elk.

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- ’n Reg om nie die teiken van diskriminasie te wees nie as gevolg van, onder meer, ras, etniese groep, velkleur of geslag
- ’n Reg op lewe, menswaardigheid en vryheid en veiligheid van die persoon, wat die reg insluit om vry te wees van alle vorme van geweld van óf openbare óf private bronne
- ’n Reg op gelykheid voor die reg
- ’n Reg om sy of haar saak te stel
- ’n Reg om openbare dienste te gebruik (slagoffersteundienste)
- ’n Reg om inligting te ontvang (4)

6.5.2 **Aantekening aan die nasiener:**
Enige VIER (4) van die volgende vir EEN (1) punt elk.

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

- Om nie sonder ’n goeie rede van jou vryheid ontneem te word nie
- Om nie sonder verhoor aangehou te word nie
- Om vry te wees van alle vorme van geweld van óf openbare óf private oorsprong
- Om nie op enige wyse gemartel te word nie
- Om nie op ’n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel of gestraf te word nie (4)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 **Aantekening aan die nasiener:**
Ken TIEN (10) punte soos volg toe:

- Tegnieke vir meting van misdadige gedrag vir DRIE (3) punte
- TWEE (2) voorbeelde uit die artikel vir EEN (1) punt elk.
- Sterk punte van tegnieke om misdadige viktimisering te meet vir DRIE (3) punte
- TWEE (2) voorbeelde uit die artikel vir EEN (1) punt elk

<u>Tegnieke vir meting van misdadige gedrag</u>
Ons kan misdadige viktimisering meet deur middel van slagofferopnames en selfaangemelde studies, omdat die fokus tydens hierdie studies eerder op die misdaadslagoffers as die oortreder of die misdaad is. Misdaadslagoffer-opnames is studies waarvolgens die misdaadslagoffers uitgevra word oor die algemene uitwerking wat ’n misdaad op hul lewens gehad het. Selfaangemelde studies word ook met misdaadslagoffers uitgevoer, maar fokus op ’n spesifieke tipe misdaad, soos moord, roof en verkragting. Slagoffers word uitgevra oor hul misdaadervarings en ervarings van die strafregsplegingstelsel. In hierdie verband is slagofferopnames belangrik omdat dit meer inligting kan gee oor mense se emosionele ervarings, asook verdere viktimisering wanneer hulle met die polisie of howe te doen het. Ons kan misdadige viktimisering meet deur van vraelyste of onderhoude gebruik te maak. Navorsingsorganisasies of NRO’s voer gewoonlik hierdie tipe navorsing uit.

Voorbeelde uit die artikel:

- slagofferopname
- slagoffers meld misdaad aan by polisie ✓

Sterk punte van tegnieke om misdadige viktimisering te meet

Misdadige viktimisering word gemeet deur gebruikmaking van wetenskaplike navorsingstegnieke en metodologieë. Die sterk punte van hierdie metings is dat inligting uit die publiek se gesigspunt ingesamel word, eerder as uit die polisie en howe se gesigspunt. Die ontleding van die inligting sluit in beskrywende inligting, soos antwoorde op wat, waar en hoe die misdaad plaasgevind het. Hierdie inligting is belangrik, omdat dit ons help om die aard van spesifieke misdade te verstaan, soos waar en wanneer hulle hoogs waarskynlik sal plaasvind, die verhouding tussen slagoffers en oortreders en die vlakke van geweld wat tydens die pleging van die misdaad gebruik is. Op sy beurt kan die inligting help met die formulering van misdaadverlaging- en voorkomingstrategieë vir spesifieke areas en spesifieke misdade. Internasionaal word slagofferopnames jaarliks uitgevoer om polisiestatistiek aan te vul. Tesame met die amptelike misdaadstatistieke word die opnameresultate vir misdaadvoorkoming, polisiëring en geregtigheidsbeleidformulering gebruik. Dit help ook om te identifiseer waar meer hulpbronne, byvoorbeeld, polisiekantore en gemeenskapshowe, benodig word, asook om slagoffersteundienste te verbeter.

Voorbeelde uit die artikel:

- Hierdie opname stel ons in staat om die persentasie te skat van alle huishoudings en individue ouer as 16 wat misdaad ervaar ✓
- Meer inligting van goeie gehalte beteken ’n beter vermoë om probleme te verstaan en daarby in te gryp ✓ (10)

7.2 Polisiestatistiek verteenwoordig slegs misdade wat by die polisie aangemeld en deur hulle opgeteken is ✓ (2)

7.3 **Aantekening aan die nasiener:**
Ken AGT (8) punte aan enige van die volgende toe:

Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

Spanning of stres kan gedefinieer word as sielkundige of geestelike druk of emosionele gespannenheid as ’n reaksie op druk en eise van die omgewing. Volgens die spanningsteorie is misdaad die resultaat van konflik tussen mense se doelstellings (wat ’n persoon wil bereik) ✓ en die maniere waarop hulle hierdie doelstellings bereik kan word.✓

Mense het sosiale doelstellings/doelwitte (soos om gewild te wil wees) en ekonomiese doelstellings, maar dit is ongelukkig nie altyd bereikbaar nie. As ons nie ons doelstellings bereik nie, kan dit gevoelens van woede, frustrasie en gegriefdheid veroorsaak, wat op sy beurt tot spanning/stres kan lei.

In hierdie situasie besluit sommige mense om harder te werk of hul omstandighede te aanvaar, terwyl andere alternatiewe, en soms misdadige, middele kies om hul doelstellings te bereik.

Behalwe die stres wat ontstaan as ons nie ons doelstellings bereik nie, kan ander stressore ook misdadige gedrag veroorsaak, soos:

- spanning in gesin, byvoorbeeld, konflik, egskeiding of mishandeling
- spanning in gemeenskappe, byvoorbeeld, bendes en vigilantisme
- viktimisering, byvoorbeeld, om ’n slagoffer van misdaad te wees ✓ (8)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL 100

Kopiereg voorbehou